2 SEPTEMBER 2018

09:00 Lentediens

Eric Scholtz

Gasvryheidbediening nooi almal hartlik uit na 'n Lente-tee na die oggenddiens in Koinonia. Baie dankie aan al die dames wat eetgoed vir die tee voorsien het – u meelewing word opreg waardeer.

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk) *Les 24*

Geen Kleuterkerk
a.g.v. Lente-tee

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste
Om te behoort *Rom 14:8*

18:00 Aanddiens en Welwillendheidssondag
Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden
Preekreeks: Die lewe is...

19:00 Belydenisklas – Kapel
Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe *(Grootgroep)*

9 SEPTEMBER 2018

09:00 Erediens – Kanselruiling

Willem Nicol Stellastraatgemeente

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk
Almal welkom!

18:00 Aanddiens en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden
Preekreeks: Die lewe is...

19:00 Belydenisklas – Kapel
Kursus #3: Spiritualiteit van die lewe *(Grootgroep)*

Die predikante se jaarbeplanning vir 2019 vind vanaf 4-6 September plaas. Terwille daarvan word gespreks-geleenthede oor kerkwees gereël. Dit vind plaas op Dinsdag 4 September om 08:30 in die Kapel en Woensdag 5 September om 18:00 in die saal. U is welkom om by een van hierdie geleenthede in te skakel en aan die gesprek deel te neem om op die wyse ook 'n inset ten opsigte van die beplanning te lewer.

Die Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese) vier die koms van Lente met 'n ***Welwillendheidssondag***.
Elke jongmens word vriendelik versoek om asseblief, indien moontlik, 'n nie-bederfbare produk op die lys wat volg, saam kerk toe te bring.

Graad 7: 1 liter langlewemelk.
Graad 8: Oatshawermout/matabella pap.
Graad 9: Rys/mieliemeel.
Graad 10: Suiker/tee.
Graad 11: Olie/konfyt.

Ons beplan 'n kunste-erediens op 16 September om 09:00, waarin ***die kunste*** tydens en na die diens ten toon gestel gaan word. Indien jy enige vorm van visuele kuns, poësie/gedigte, ens. na die oggenddiens kan bring, kontak asseblief vir Immanuel van Tonder by 083 540 6015 of e-pos immanuelvt@gmail.com. Almal se meelewing word byvoorbaat waardeer!

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Komiteevergadering** 16:00 (A21). **Diensverhoudinge Bedieningvergadering** 18:30 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	**Eric en Peet se Bybelstudie-groepe** kom om 08:30 in die Kapel byeen met die oog op 'n gespreksgeleentheid terwille van die predikante se 2019-jaarbeplanning. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Gemeentevroue Groep 11** 16:00 (Koinonia) – Onthou asseblief om dit by te woon. Sien jou graag daar! **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212. **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 09:30 (Sjêk) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
Vrydag:	**Geen Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – eers weer op 7 September. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Gerhard en Hanlie Verwey en gesin, Kings Highway 436B, Lynnwood, 082 467 6467 – Hanlie se ma, Dollie, oorlede.
Elsa Steyn en familie, Brampton 93A, Lynnwood Manor, 012 361 5252 – Ben oorlede.
Thea Smit, Clearwaterweg 102, Lynnwood Glen, 083 780 4156 – herstel na operasie.

Ya Bana Village wil almal hartlik bedank vir die wonderlike ondersteuning wat ons verlede Sondag by ons gemeente ontvang het. Daar is nog vrywilliger-vorms in die voorportaal beskikbaar vir diegene wat graag betrokke wil raak. Oorweeg ook asseblief ons *Ya Bana Village Bakkery* vir enige grootmaat varsgebak – ons *suurlemoen dikuku* ('n tradisionele skon) is baie gewild – byvoorbaat dankie vir die ondersteuning!

Dankie aan almal wat Ekologie-bediening se elektroniese herwinning-projek ondersteun!

Lentekuier – kom vier die lewe!

Kom kuier lekker saam op Woensdag 12 September om 18:45 vir 19:00 in die kerksaal. Kom luister na Musica Vivendi. "New Beginning" en die Babamuur. Ligte verversings R100pp. 'n Baba is 'n geskenk, "New Beginning" gee babas wat in asblikke, en in agterstrate gevind word, 'n kans op lewe, 'n nuwe begin. Bring asseblief baba-benodigdhede saam. Kaartjies beskikbaar by die Info-toonbank of kerkkantoor.

Vir baie van ons beteken dit springcleaning. Bring gerus jou ou klere en merk die sak "springcleaning". Die klere sal aan minder-bevoorregtes geskenk word.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za
of *Snap Scan*.

Snap here to pay

Kontak van die week: Die moeite van moeite doen

(met dank aan Erika Theron)

Wees gewaarsku, mense: dié bydrae is onbeskaamd moralisties. Maar soms skenk die herontdekking van ’n doodgewone waarheid jou ’n "aha!"-ervaring wat jy wil deel. Soos dat verreweg die meeste probleme wél oplossings het mits jy net bereid is om moeite te doen. Hoe komplekser die probleem, hoe meer stappe behels dit natuurlik, maar gewoonlik is elkeen daarvan moontlik en maklik. Hoekom is "moeite doen" dan so moeilik?

Ons aanvaar maklik dat ander selfs die geringste moeite sal wíl vermy. ’n Gas sal uitroep: "Moenie moeite doen nie!" wanneer die gasvrou maar net ’n geborduurde lappie op ’n skinkbord dek en mooi koppies en pierings in plaas van bekers daarop wil regsit. Kom dit by die waarlik essensiële dinge, medemens-dinge, maak die bietjie moeite wat dit behels maklik ’n mens se voete en hande lam. Skryf, bel, e-pos, Skype, oorstap, uitnooi, simpatiseer, toejuig, erkenning gee, dankie sê is tog nie regtig uitputtend nie, is dit? Hoeveel energie is nodig vir een vinger om ’n WhatsApp te tik?

Die sielkundige weerstand teen "moeite" is blykbaar van altyd af deel van menswees. Die Engelse spreekwoord: "The road to hell is paved with good intentions" is horingoud. Nog ouer is die Bybelse insig dat mense verlamde arms en slap knieë het wat opgerig behoort te word. Die sogenaamde oersonde van luiheid het volgens een godsdiensskrywer "moral and spiritual overtones ... it undermines society and God's plan and invites sin".

Natuurlik is hierdie paar opmerkings oorvereenvoudigings. Motivering is ’n ingewikkelde navorsingsgebied wat sommer ’n duisternis verwante faktore betrek. Daar is met goeie rede motiveringswerkswinkels en -lesings, selfhelpboeke en selfs kongresse oor die onderwerp. ’n Emosionele krisis kan jou verlam. In sekere neurologiese toestande soos Alzheimersiekte verloor die frontale lob van die brein die vermoë om handeling te inisieer, en juis dit vind helpers so moeilik om te begryp. Depressie kan jou vermoë kelder om die eenvoudigste take te begin. Party mense kán bloot nie prioriseer nie, ander benodig die adrenalien-skop van ’n sperdatum om tot aksie oor te gaan.

Maar toe ek in die nag oor dit alles nadink terwyl ek "nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie sluimer, nog ’n bietjie omdraai om uit te rus", het ek ’n tweede "aha!"-ervaring. Ons het ’n God wat nie "moeg of mat" raak nie, wat oor en oor met sy liefde na die Israeliete uitgereik het en dit met ons bly doen, wat nooit "sluimer of slaap" nie, wat met ons geduld het, wat hom met ons bemoei, weer en weer en weer. En ons het toegang tot ’n Gees wat die werk wat in ons begin is, sal voltooi en wat ons in die heel letterlike sin van die woord inspireer tot liefdevolle aksie.

Groete
Die Predikantespan

Fay en Jeanri gesels vanmiddag om 13:00 op Radio Kansel met Jannie Pelser oor Nuwe Generasie se 'Doller-'n-dag'-projek. ’n Artikel oor dié projek is ook te sien op die Kerkbode se voorblad – gaan loer gerus by: http://kerkbode.christians.co.za/2018/08/13/r14-per-dag-vir-bewustheid-van-armoede/

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

Gemeenskap

Eiendom (5 Slaapkamer) in Willow Haven Aftree-oord te koop. Belangstellendes kan vir Karien Opperman by 083 650 6433 vir meer inligting kontak. (Sien ook die kennisgewingbord).

Wiskunde Ekstra klasse Gr 7 - 9: Intermediêre fase, ter voorbereiding vir Senior Fase. Kontak Liesel Ferreira 082 214 9668 of e-pos lieselferreira@gmail.com (meer inligting op die kennisgewingbord).

Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend benodig. Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.